


DIE HOOGFEES VAN

DIE ONBEVLEKTE ONTVANGENIS VAN MARIA

8 DESEMBER



Vandag herdenk ons die feit dat Maria, wat bestem was om die Moeder van Jesus, die Messias en God se Seun, te wees, vanaf die aanvang van haar lewe daarop voorberei is. Op 4 Desember 1854 het pous Pius IX, in ooreenstemming met dit wat Christene vanaf die begin in die lig van die Heilige Skrif en Tradisie geglo het, die dogma van Maria se Onbevleete Ontvangenis afgekondig. Daarvolgens is die Maagd Maria, deur 'n besondere voorreg van God, in die eerste oomblik van haar ontvangenis in haar moeder se skoot, gevrywaar van die smet van die erfsonde.